

BENEVIA™ 100 OD

Insekdoder

SOUTH AFRICA Registration Number/Registrasie Nommer L10390, Act No. 36 of 1947/Wet 36 van 1947
BOTSWANA Registration Number/Registrasie Nommer W130931
NAMIBIA Registration Number/Registrasie Nommer N-AR1859

READ THE LABEL BEFORE USE
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS

GROUP/GROEP	28	INSECTICIDES	INSEKDODERS
--------------------	-----------	---------------------	--------------------

An oil dispersion formulation insecticide used for the control of a range of chewing and sucking insect pests in crops as listed.	'n Olie dispersie formulasie insekdoder vir die beheer van 'n verskeidenheid van kouende en suigende insekplae in gewasse soos aangedui.
--	---



HAZARD STATEMENTS:

May cause an allergic skin reaction.
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

PRECAUTIONARY STATEMENTS:

Prevention:

Avoid breathing mist or vapors.
Wash skin thoroughly after handling.
Avoid release to the environment.
Wear protective gloves.

Response:

If skin irritation or rash occurs: Get medical advice/ attention.
Collect spillage.

WARNING

Active ingredient

cyantraniliprole
(anthranilic diamide) – 100 g/L

Aktiewe bestanddeel

cyantranilipool
(antraniliese diamied) – 100 g/L

Net Volume

250ml, 1L

Netto Volume

REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER

FMC Chemicals (Pty) Ltd
Company Registration Number: 1988/001451/07
West End Office Park, Building C
Cnr West Ave & Hall Street
Centurion, 0014
www.ag.fmc.com/za/en

Batch Number

Date of Manufacture

Expiry Date

Printed on Container

Printed on Container

**3 Years from Date of
Manufacture**

Lot Nommer

Datum van Vervaardiging

Vervaldatum

UN Number/VN Nommer

3082

**For any emergency or poisoning contact: Griffon Poison Information
Centre (24 hrs)
Vir enige noodgeval of vergiftiging kontak Griffon vergiftiging
Inligtingsentrum (24 hr)**

+27-(0)-82-446-8946

WAARSKUWINGS:

GEVAARSTELLINGS:

Kan 'n allergiese velreaksie veroorsaak.
Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte.

ONTHOUDINGSPERIODES:

Die volgende minimum aantal dae (onthoudingsperiodes) tussen laaste toediening en oes moet gevolg word:

Aartappels	7 dae
Suikerriet	0 dae
Tabak	56 dae
Tamaties	1 dag

Hanteer versigtig.

Hierdie produk is nie gevaarlik deur inaseming nie.

Langdurige of herhaaldelike velkontak kan allergiese reaksies in sommige individue veroorsaak.

Hierdie produk is giftig vir waterorganismes.

Hierdie produk is giftig vir bye wat blootgestel word aan direkte behandeling op blommende gewasse of onkruid. Moet nie enige behandelings maak tydens blomtydperk nie om bye te beskerm. Verhoed sproei wegdrywing na habitate wat aantreklik is vir bye of byekorwe.

Hou buite die bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Berg in die verseelde, gemerkte, oorspronklike houer by temperature laer as 25°C. Moenie aan temperature van 54°C of hoër of laer as 0°C vir 'n tydperk langer as 2 weke blootstel nie.

Berg weg van voedsel & dierevoer.

Die gebruik van hierdie produk op 'n ander manier as wat op die etiket aanbeveel word kan oormatige residue veroorsaak.

HERBETREDING: Moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie.

Die onthoudingsperiode of voor oes interval (PHI), dit wil sê aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan lokale maksimum residuperke (MRL's), maar voldoen nie noodwendig aan die vir uitvoer gewasse nie.

Voor **BENEVIA™ 100 OD Insekdoder** op uitvoergewasse toegedien word raadpleeg jou plaaslike FMC verteenwoordiger, asook die nuutste Hortgro lysie met MRL inligting en aanbevole PHI soos gepubliseer op die Hortgro webwerf. Maksimum residu vlakke (MRL) en invoer toleransies vir gewasse behandel met die produk mag nog nie bepaal wees vir sommige lande nie.

VRYWARING:

Alhoewel hierdie middel omvattend getoets is onder 'n groot verskeidenheid toestande, kan die registrasiehouer nie waarborg dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket voorkom nie asook die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of vir die ontstaan van toestande wat nie voorsien kon word in terme van die registrasie nie. Raadpleeg die verskaffer onmiddellik in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

VOORSORGSTELLING:

Voorkoming:

- Vermy asemhaling van mis of dampe.
- Was vel deeglik na hantering.
- Vermy vrylating na die omgewing.
- Dra beskermende handskoene.

Reaksie:

- Indien velirritasie of uitslag voorkom: Kry mediese advies/ aandag.
- Versamel gemorste produk.

- Moet nie die spuitnewel inasem nie.
- Moenie behandelde gebiede betree alvorens die spuit oplossing droog is nie.
- Persone in kontak met die insekdoder moet beskermende klere, (langmou hemde en langbroeke, skoene met sokkies en handskoene) dra.
- Was uself na toediening van die produk.
- Was besoedelde klere na daar met die produk gewerk is.
- In geval van oogkontak was onmiddellik met baie water.
- In geval van inname kontak 'n geneesheer of gifsentrum.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening of vermenging nie. Was eers hande en gesig.
- Voorkom besoedeling van voedsel, dierevoer, eetgerei en drinkwater.
- **MOET NIE DIREK TOEDIEN OP, OF TOELAAT DAT ANDER GEWASSE ANDERS AS OP DIE ETIKET AANGEDUI, WEIDING, RIVIERE, DAMME OF GEBIEDE NIE ONDER BEHANDELING BESOEDEL WORD NIE.**
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik en gooi waswater waar dit nie gewasse, weiding, kos of water sal besoedel nie.
- **SPOEL LEË HOUER drie keer as volg:** keer die leë houër oor die spuit- of mengtenk om en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel daarna die leë houër *drie keer* na mekaar met een kwart van die houervolume vars water en giet die spoelwater in die spuittenk of mengtenk oor. Kap gate in die drie-keer gespoelde houër waarna dit aan 'n goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word (www.croplife.co.za). Moet nie die houër begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houër vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.

NOODHULP MAATREËLS:

Algemene advies:

- Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon gee nie.

Inaseming:

- Dit is onwaarskynlik dat die produk giftig is deur inaseming.
- Indien ingeasem, verwyder na vars lug.
- Raadpleeg 'n dokter na beduidende blootstelling.

Velkontak:

- Trek alle besoedelde klere onmiddellik uit.
- Was onmiddellik met seep en baie water.
- Was besoedelde klere voordat dit weer gebruik word.
- In die geval van vel of allergiese reaksies raadpleeg 'n dokter.

Oogkontak:

- Indien moontlik, verwyder kontak lens, indien dit gedra word.
- Hou oog oop en spoel stadig en versigtig met water vir 15-20 minute.
- Indien oog irritasie voortduur, raadpleeg 'n spesialis.

Inname:

- Dit is onwaarskynlik dat die produk giftig is deur inname.
- In geval van toevallige inname, raadpleeg 'n geneesheer.
- Moet nie braking induseer nie, tensy in opdrag van 'n dokter of gifsentrum.

- As die slagoffer by sy/haar bewussyn is: Spoel mond met water.

Belangrikste simptome en gevolge, beide akueel en vertraag:

Simptome:

- Geen gevalle van menslike vergiftiging is bekend nie en simptome van vergiftiging is dus ook nie bekend nie.

Velkontak kan die volgende simptome ontlok:

- Vel kan sensitief wees.

Aanduiding van enige onmiddellike mediese aandag en spesiale behandeling nodig:

- Behandel simptome.

WEERSTANDSWAARSKUWING:

Wanneer insekdoders met dieselfde wyse van werking herhaaldelik oor 'n paar jaar in dieselfde gebied aangewend word, sal minder sensitiewe rasse wat natuurlik voorkom, oorleef, voortplant en dominant word in daardie gebied. 'n Insek word beskou as weerstandbiedend teen 'n insekdoder as dit oorleef nadat 'n korrek toegepaste behandeling teen die aanbevole dosis en tydsberekening onder normale weerstoestande gedoen word en 'n bevestigingstoets met 'n geskikte biotoets die gebrek aan aktiwiteit bevestig.

Wanneer weerstand voorkom sal aanbevole dosisse nie die plaagbevolking onder ekonomiese drempels onderdruk nie. Ontwikkeling van weerstand kan voorkom of vertraag word deur produkte met verskillende wyses van werking te gebruik. Vir meer inligting oor insekweerstand monitering, besoek die weerstand teen insekdoders Aksiekomitee (IRAC) op die web by (<http://www.irc-online.org>).

BENEVIA™ 100 OD Insekdoder is 'n IRAC Groep 28 Insekdoder (ryanodien reseptor modulator - diamied). Herhaaldelike en eksklusiewe gebruik van **BENEVIA™ 100 OD Insekdoder**, kan lei tot die opbou van weerstandbiedende rasse van insekte in sommige gewasse. Sommige insekte is bekend daarvoor dat hulle weerstand opbou teen produkte wat herhaaldelik gebruik word.

Omdat die ontwikkeling van weerstand nie voorspel kan word nie, kan hierdie produk gebruik word as deel van 'n weerstandsbestuur strategie in die gebruik gebied. Hierdie strategieë kan die volgende insluit: kulturele en biologiese beheerpraktyke, afwisseling van wyse van werking klasse van insekdoders op die nageslagte en die teiken van die mees gevoelige lewensfase van die insek. Raadpleeg jou plaaslike of gebieds landbou owerhede vir meer inligting, en volg die aanbevole IRAC leiding vir die gebruik van ryanodien reseptor modulator - diamied insekdoders (<http://www.irc-online.org>).

Beste praktyke vir weerstandsbestuur van Groep 28 insekdoders sluit in:

- Verminder die gebruik van produkte met dieselfde wyse van werking (dieselfde IRAC groepnommer) op opeenvolgende generasies van insekte.
- **Moet nie meer as 2 toedienings van BENEVIA™ 100 OD Insekdoder, of enige ander produk met 'n groep 28 insekdoder binne 'n "behandeling venster" maak nie.** Die volgende toediening op die teiken plaag (e) in die volgende "behandeling venster" moet 'n effektiewe produk met 'n ander wyse van werking (nie-Groep 28 insekdoder) wees.

'n "Venster Behandeling" is die tydperk van nawerking wat deur 'n enkele of opvolgende toediening van die produk met dieselfde wyse van werking binne 'n geskatte 30 dae (15-40 dae, afhangende van plaaslike ontwikkelings tyd van eier tot volwassene). Die ideaal is om die "Venster Behandeling" met die lengte van 'n generasie van die teikenplaag te benader.

- Verminder die gebruik van minder as die aanbevole dosis van **BENEVIA™ 100 OD Insekdoder**, wanneer alleen of in tenkmengsels toegedien.
- Teiken die mees vatbare insek lewensfases.
- Monitor insekbevolkings vir doeltreffendheid van die produk. As weerstand teen hierdie produk in jou area ontwikkel, sal hierdie produk, of ander produkte met 'n soortgelyke wyse van werking nie voldoende beheer verskaf nie.
- Indien swak prestasie nie aan onbehoorlike toediening of ekstreme weerstoestande toegeskryf kan word nie, mag 'n weerstandige ras van insekte teenwoordig wees. As jy probleme ervaar met beheer en weerstand is 'n redelike oorsaak, raadpleeg onmiddelik jou plaaslike verteenwoordiger van die maatskappy of landbou adviseur vir die beste alternatiewe metode van beheer vir jou area.

Vir meer inligting oor insekweerstand monitering, besoek die webwerf weerstand teen insekdoders Aksiekomitee (IRAC) (<http://www.irc-online.org>).

GEÏNTEGREERDE PLAAGBEHEER:

FMC ondersteun die gebruik van geïntegreerde plaagbestuur (IPM) programme om peste te beheer. Hierdie produk kan gebruik word as deel van 'n IPM program, wat kan insluit biologiese, kulturele en genetiese praktyke, wat gemik is op die voorkoming van ekonomiese plaag skade. IPM beginsels en praktyke sluit in veldverkenning of ander opsporingsmetodes, korrekte teiken plaag identifikasie, bevolking monitering, rotasie van insekdoders met verskillende wyse van werking, en toediening van produkte wanneer plaaslik bepaalde teiken plaag bevolkings drempels bereik word.

VOORDELIGE EN ANDER NIE-TEIKEN INSEKTE:

Cyantraniliproof is 'n produk wat hoogs effektief is vir die beheer van insekte en kan nadelige gevolge inhou vir 'n paar nie-teiken organismes en 'n paar ander waterorganismes. Om skade te voorkom, moet die produk versigtig gebruik word in gebiede waar wenslike nie-teiken spesies teenwoordig mag wees.

Hierdie produk is giftig vir bye wat blootgestel word aan direkte behandeling op blomgewasse of onkruid. Volgens die standaarde van Goeie Landboupraktyke, moet **CYAZYPYR™** nie toegedien word wanneer heuningbye aktief is nie.

Hierdie produk is giftig vir sywurms. Moenie toelaat dat die produk wegdryf na sywurm produksiegebiede of moerbeiboorde nie. Om skade te voorkom, moet die produk versigtig gebruik word in gebiede waar wenslike nie-teiken spesies teenwoordig mag wees.

Om te voldoen aan Goeie Landboupraktyke: Moenie naby of direk op water toedien nie. Moenie toelaat dat die produk wegdryf nie.

Lees en volg die etiket in sy geheel vir gebruiksaanwysings en bykomende voorsorgmaatreëls inligting. Verstaan en implementeer Goeie Landboupraktyke tydens die gebruik van hierdie produk. Raadpleeg jou plaaslike Agent, Gewaskonsultant of FMC verteenwoordiger vir meer inligting oor goeie landboupraktyke.

GEBRUIKSAANWYSINGS:

GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

ALGEMENE INLIGTING:

BENEVIA™ 100 OD Insekdoder is 'n insekdoder wat gebruik word vir die beheer van kouende en suigende insekplae in 'n verskeidenheid van gewasse. Aktiwiteit op plaag inseklarwes is hoofsaaklik deur inname, maar ook deur kontak. Die produk toon ook eierdodende, ovi-larfdodende en volwasse insekdoder doeltreffendheid, na gelang van die plaagspesies. Blootstelling van die plaagspesies lei tipies tot 'n vinnige voeding staking binne 'n paar uur na blootstelling, maar die tyd tot die insek vrek kan 3 tot 6 dae neem, afhangende van die spesie.

Monitor insekbevolkings en dien **BENEVIA™ 100 OD Insekdoder** toe volgens etiketaanwysings wanneer plaaslik bepaalde ekonomiese drempels bereik word. Volg die aanbevelings op die etiket noukeurig vir dosisse, spuitintervalle en die optimale behandelingstyd.

BENEVIA™ 100 OD Insekdoder kan gebruik word op alle kultivars van die gewasse aangedui.

GEBRUIK VAN BYMIDDELS:

Die gebruik van H & R Crop Oil soos aanbeveel onder **TOEDIENINGSTABELLE** kan plaagbeheer verbeter wanneer gebruik word saam met **BENEVIA™ 100 OD Insekdoder**. Volg die verskaffer se aanbevelings.

MENGINSTRUKSIES:

SKUD DIE HOUER (BOTTEL) GOED VOOR GEBRUIK

Begin met 'n skoon, goed onderhoude toedieningsapparaat voor gebruik. **BENEVIA™ 100 OD Insekdoder** meng maklik met water en moet direk in die spuittenk gevoeg word tydens vulling. Maak die spuittenk 1/4 tot 1/2 vol water. Voeg **BENEVIA™ 100 OD Insekdoder** direk by die spuittenk. Meng deeglik om die insekdoder ten volle te versprei, hou aan met roer totdat bespuiting voltooi is. Die ideale pH vir die **BENEVIA™ 100 OD Insekdoder** sproeimengsel moet pH 7 of minder wees.

Dit word nie aanbeveel om die spuitmengsel oornag in die spuittenk te stoor nie.

VERENIGBAARHEID:

BENEVIA™ 100 OD Insekdoder mag nie met ander landbouchemikalieë gemeng word tensy dit aanbeveel word op die etiket nie.

BESTUUR VAN SPUITSTOF WEGDRYING:

Spesiale sorg moet geneem word om die wegdryf van sproei buite die teiken area, of op damme, waterweë of slote te vermy. Die toediening van groter druppels verminder wegdryf potensiaal, maar sal nie wegdrywing voorkom as toedienings onbehoorlik of onder ongunstige omgewingstoestande gemaak word nie. Dit is die verantwoordelikheid van die toediener om te bepaal of 'n toediening geskik is of nie en om die nodige aanpassings te maak om te voorkom dat spuitstof wegdrywing voorkom.

SKOONMAAK VAN SPUITTENK:

Alle spuittoerusting moet onmiddelik na toediening deeglik skoongemaak word om die risiko van harde neerslae, wat moeilik is om te verwyder, te verminder.

Dreineer spuitapparaat nadat 'n toediening gemaak is. Spoel die spuit deeglik uit en spoel pype, spuitbalk en spuitpunte met skoon water uit. Maak alle verwante toedieningsapparaat skoon. Neem al die nodige veiligheidsmaatreëls tydens die skoonmaak van toerusting. Moenie naby boorgate, waterbronne of gewenste plante skoon maak nie. Raak ontslae van afval spoel water in ooreenstemming met plaaslike regulasies.

BEPERKINGS:

Moet nie op gewasse onder stres toedien nie.

TOEDIENING:

Dien **BENEVIA™ 100 OD Insekdoder** toe as 'n hoë volume volle dekbespuiting met konvensionele spuitapparaat wat korrek gekalibreer is om deeglike bedekking van die teikengewas en korrekte dosis per hektaar te lewer. In tamaties kan **BENEVIA™ 100 OD Insekdoder** toegedien word óf as 'n hoë volume volle dekbespuiting of in 'n minimum van 500 liter spuitmengsel per hektaar met 'n newelblaser.

GEWAS / PES	TOEDIENINGS KONSENTRASIE	AANBEVELINGS / OPMERKINGS
<p>AARTAPPELS</p> <p>Aartappelmot (<i>Phthorimaea operculella</i>)</p>	<p>200 ml/ha</p>	<p>VOORKOMENDE / VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien BENEVIA™ 100 OD Insekdoder toe in 300-600 l water per hektaar om goeie bedekking van alle blare te verseker. • Dien toe sodra die eerste simptome van besmetting (myne) op die blare waargeneem word of wanneer die teenwoordigheid van motte waargeneem word. Die teenwoordigheid van hierdie motte in en rondom die blare is gewoonlik 'n goeie aanduiding dat besmetting sal plaasvind. • Tyd van 'n opvolgende toediening moet op die gereelde verkenning van aartappel lande gebasseer word. • 'n Geskikte benatter soos H & R Crop Oil teen aanbevole dosis moet bygevoeg word om bedekking te verbeter. • 'n Tweede toediening kan 7 -14 dae later gedoen word onder toestande van herhaaldelike herinfestasië. Gebruik die korter interval vroeg in die groei seisoen wanneer die plante aktief groei. • Om effektiwiteit te verseker moet 'n maksimum van 2 agtereenvolgende toedienings van BENEVIA™ 100 OD Insekdoder op die gewas toegedien word. Verdere toedienings moet met 'n produk met 'n ander wyse van werking (nie Groep 28 insekdoder) gemaak word. • Bestudeer die WEERSTANDSWAARSKUWING op hierdie etiket vir die beste praktyke vir weerstandsbestuur van Groep 28 insekdoders.
<p>AARTAPPELS (Vervolg)</p> <p>Aartappel Bladmyner (<i>Liriomyza huidobrensis</i>)</p>	<p>200ml/ha</p>	<p>VOORKOMENDE / VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien BENEVIA™ 100 OD Insekdoder toe in 300-600 l water per hektaar om goeie bedekking van alle blare te verseker. • Dien toe sodra die eerste punktuur merke (eerste simptome van besmetting) op die blare waargeneem word. • 'n Geskikte benatter soos H & R Crop Oil teen aanbevole dosis moet bygevoeg word om bedekking te verbeter. • 'n Tweede toediening kan 7 -14 dae later gedoen word onder toestande van herhaaldelike herinfestasië. Gebruik die korter interval onder toestande van hoë infestasië druk of vroeg in die groeiseisoen wanneer die plante aktief groei. • Om effektiwiteit te verseker moet 'n maksimum van 2 agtereenvolgende toedienings van BENEVIA™ 100 OD Insekdoder op die gewas toegedien word. Verdere toedienings moet met 'n produk met 'n ander wyse van werking (nie Groep 28 insekdoder) gemaak word. • Bestudeer die WEERSTANDSWAARSKUWING op hierdie etiket vir die beste praktyke vir weerstandsbestuur van Groep 28 insekdoders.

<p>AARTAPPELS (Vervolg)</p> <p>Groen Perske Plantluis (<i>Myzus persicae</i>)</p>	<p>300ml/ha</p>	<p>VOORKOMENDE / VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien BENEVIA™ 100 OD Insekdoder toe in 300-600 l water per hektaar om goeie bedekking van alle blare te verseker. • Dien toe sodra die eerste punktuur merke (eerste simptome van besmetting) op die blare waargeneem word. • 'n Geskikte benatter soos H & R Crop Oil teen aanbevole dosis moet bygevoeg word om bedekking te verbeter. • 'n Tweede toediening kan 7 -14 dae later gedoen word onder toestande van herhaaldelike herinfestasië. Gebruik die korter interval onder toestande van hoë infestasië druk of vroeg in die groeiseisoen wanneer die plante aktief groei. • Om effektiwiteit te verseker moet 'n maksimum van 2 agtereenvolgende toedienings van BENEVIA™ 100 OD Insekdoder op die gewas toegedien word. Verdere toedienings moet met 'n produk met 'n ander wyse van werking (nie Groep 28 insekdoder) gemaak word. • Bestudeer die WEERSTANDSWAARSKUWING op hierdie etiket vir die beste praktyke vir weerstandsbestuur van Groep 28 insekdoders.
<p>SUIKERRIET</p> <p>Geel suikerrietluis (<i>Sipha flava</i>)</p> <p>Afrika Suikerriet Boorder Larwes (<i>Eldana saccharina</i>)</p>	<p>500 ml/ha</p>	<p>VOORKOMENDE/VROEË KORREKTIEWE BEHANDELING</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien BENEVIA™ 100 OD Insekdoder toe in ten minste 250 L water per hektaar. Goeie bedekking van alle blare is noodsaaklik. • Dien toe sodra die plaag die eerste keer opgemerk word. • Vir plantluis, rig die spuit na die onderste blare van die riet waar die plaag voorkom. • 'n Tweede toediening van BENEVIA™ 100 OD Insekdoder moet 7 dae later gedoen word. • 'n Maksimum van 2 opeenvolgende toedienings van BENEVIA™ 100 OD Insekdoder moet op die gewas gemaak word. Verdere toediening (s) moet toegedien word met 'n effektiewe produk met 'n ander wyse van werking (Insekdoder wat nie deel is van groep 28 insekdoder nie). • Sien die beste praktyke vir die bestuur van weerstand teen insekdoders van groep 28 in die afdeling WEERSTANDSWAARSKUWING op hierdie etiket.

<p>TABAK</p> <p>Wit Vlieg <i>Bemisia tabaci</i>, <i>Trialeurodes</i> <i>vaporariorum</i>)</p>	<p>600 ml/ha</p>	<p>VOORKOMENDE / VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien BENEVIA™ 100 OD Insekdoder toe in 250–300 l water per hektaar. Goeie bedekking van alle blare is noodsaaklik. • Begin BENEVIA™ 100 OD Insekdoder toedienings wanneer die eerste eerste tekens van besmetting op die blare waargeneem word. • 'n Tweede toediening van BENEVIA™ 100 OD Insekdoder moet 7 dae later toegedien word. • 'n Maksimum van twee opeenvolgende toedienings van BENEVIA™ 100 OD Insekdoder moet op die gewas toegedien word. Verdere toediening (s) moet met 'n effektiewe produk met 'n ander wyse van werking (nie-groep 28 insekdoder) toegedien word. • Kyk na die beste praktyke vir die bestuur van weerstandbiedende insekdoders in Groep 28 in die WEERSTANDSWAARSKUWING-afdeling op hierdie etiket.
<p>TAMATIES</p> <p>Witvlieë (<i>Bemisia tabaci</i>, (<i>Trialeurodes</i> <i>vaporariorum</i>)</p>	<p>50 ml/hl Spuitmengsel OF (500 ml/ha vir gekonsentreerde newelblaser toedienings)</p>	<p>VOORKOMENDE / VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien BENEVIA™ 100 OD Insekdoder toe in 500 - 2000 l water per hektaar om goeie bedekking van alle blare te verseker. • Vir lae volume konsentraat bespuitings met 'n newelblaser dien toe teen 'n dosis van 500 ml / ha BENEVIA™ 100 OD Insekdoder in 'n minimum spuitvolume van 500 l spuitmengsel per hektaar. • Dien BENEVIA™ 100 OD Insekdoder toe wanneer die eerste witvlieg volwassenes of nimfe waargeneem word. • 'n Geskikte benatter teen aanbevole dosisse moet bygevoeg word om bedekking te verbeter. • 'n Tweede toediening moet 7 dae later gedoen word. • Om effektiwiteit te verseker moet 'n maksimum van 2 agtereenvolgende toedienings van BENEVIA™ 100 OD Insekdoder op die gewas toegedien word. Verdere toedienings moet met 'n produk met 'n ander wyse van werking (nie Groep 28 insekdoder) gemaak word. • Kyk na die WEERSTANDSWAARSKUWING hierdie etiket vir die beste praktyke vir weerstandsbestuur van Groep 28 insekdoders.

<p>TAMATIES (Vervolg)</p> <p>Amerikaanse Bladmyner (<i>Liriomyza trifolii</i>)</p>	<p>35 - 50 ml/hl Spuitmengsel OF (350 -500 ml/ha vir gekonsentreerde newelblaser toedienings)</p>	<p>VOORKOMENDE / VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien BENEVIA™ 100 OD Insekdoder toe in 500 - 2000 l water per hektaar om goeie bedekking van alle blare te verseker. Gebruik die hoër dosis BENEVIA™ 100 OD Insekdoder as infestasië vlakke hoog is. Die laer dosis BENEVIA™ 10 OD moet vir die tweede opvolgende toediening gebruik word. • Vir laer volume konsentraat bespuitings met 'n newelblaser dien toe teen 'n dosis van 500 ml / ha BENEVIA™ 100 OD Insekdoder (350 ml/ha vir die tweede opvolgende toediening) in 'n minimum spuitvolume van 500 l spuitmengsel per hektaar. • Dien BENEVIA™ 100 OD Insekdoder toe wanneer die eerste punktuur merke (eerste tekens van besmetting) waargeneem word. • 'n Geskikte benatter soos teen aanbevole dosisse moet bygevoeg word om bedekking te verbeter. • 'n Tweede toediening moet 7 -14 dae later gedoen word (gebruik die korter spuitinterval onder toestande van hoë infestasië druk of vroeg in die seisoen wanneer die plante aktief groei). • Om effektiwiteit te verseker moet 'n maksimum van 2 agtereenvolgende toedienings van BENEVIA™ 100 OD Insekdoder op die gewas toegedien word. Verdere toedienings moet met 'n produk met 'n ander wyse van werking (nie Groep 28 insekdoder) gemaak word. • Bestudeer die WEERSTANDSWAARSKUWING op hierdie etiket vir die beste praktyke vir weerstandsbestuur van Groep 28 insekdoders.
---	--	---

GEWAS / PES	TOEDIENINGS KONSENTRASIE	AANBEVELINGS / OPMERKINGS
<p>TAMATIES (Vervolg)</p> <p>Tamatievallandmeter larwes (<i>Chrysodeixis acuta</i>) en Afrika bolwurm larwes (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>35 ml/hl OF (350 ml/ha vir gekonsentreerde newelblaser toedienings)</p>	<p>VOORKOMENDE / VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING</p> <p>Dien BENEVIA™ 100 OD Insekdoder toe in 500 - 2000 ℓ water per hektaar om goeie bedekking van alle blare te verseker.</p> <p>Vir lae volume konsentraat bespuitings met 'n newelblaser, dien toe teen 'n dosis van 350 ml / ha BENEVIA™ 100 OD Insekdoder in 'n minimum spuitvolume van 500 ℓ spuitmengsel per hektaar.</p> <p>'n Geskikte benatter teen aanbevole dosisse moet bygevoeg word om bedekking te verbeter.</p> <p>Gereëlde inspeksie van tamatie lande is noodsaaklik om die tydsberekening van die eerste en opvolgende toedienings, indien nodig, te bepaal.</p> <p>'n Tweede toediening kan 7 -14 dae later gedoen word onder toestande van herhaaldelike her-infestasië.</p> <p>Om effektiwiteit te verseker moet 'n maksimum van 2 agtereenvolgende toedienings van BENEVIA™ 100 OD Insekdoder op die gewas toegedien word. Verdere toedienings moet met 'n produk met 'n ander wyse van werking (nie Groep 28 insekdoder) gemaak word.</p> <p>Bestudeer die WEERSTANDSWAARSKUWING op hierdie etiket vir die beste praktyke vir weerstandsbestuur van Groep 28 insekdoders.</p>
<p>TAMATIES (Vervolg)</p> <p>Tamatie bladmyner mot (larwes) (<i>Tuta absoluta</i>)</p> <p>NOTA: Tamatie bladmyner mot (larwes) (<i>Tuta absoluta</i>) is 'n baie vernietigende plaag met tamaties as die hoof gasheer en kan moontlik in al die produksiegebiede van Suid-Afrika voorkom.</p>	<p>BLAAR-BESPUITING:</p> <p>50 ml/hl OF (500 ml/ha vir gekonsentreerde newelblaser toedienings)</p>	<p>VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING:</p> <p>Dien BENEVIA™ 100 OD Insekdoder toe in 500 - 2000 ℓ water per hektaar en verseker goeie bedekking van alle blare.</p> <p>Vir lae volume konsentraat bespuitings van BENEVIA™ 100 OD Insekdoder met 'n newelblaser, dien teen 'n minimum dosis van 500 ml / ha toe in 'n minimum spuitvolume van 500 ℓ spuitmengsel per hektaar.</p> <p>Om die beste blaar- en vrugbeskerming te verseker, dien BENEVIA™ 100 OD Insekdoder toe gedurende eierlegging of wanneer die eerste skade op die jong blare opgemerk word.</p> <p>'n Tweede agtereenvolgende toediening van BENEVIA™ 100 OD Insekdoder kan 7 dae later gemaak word onder toestande van herhaaldelike besmetting.</p> <p>'n Maksimum van 2 opeenvolgende toedienings van BENEVIA™ 100 OD Insekdoder kan op die gewas gemaak word. Verdere toedienings moet gemaak word met produkte met 'n ander wyse van werking (nie-Groep 28 insekdoder). Bestudeer die WEERSTANDSWAARSKUWING op hierdie etiket vir die beste praktyke vir weerstandsbestuur van Groep 28 insekdoders.</p> <p>'n Geskikte byvoegmiddel teen aanbevole dosisse kan bygevoeg word om bedekking te verbeter.</p> <p>Tamaties kan 1 dag na toediening geoes word.</p>

ERKENNING VAN GEREGISTREERDE PRODUKTE:

- **H&R Crop Oil** (Registrasie nommer L6802, Wet 36 van 1947) is die geregistreerde produk van H&R South Africa Sales (Pty) Ltd.

FMC, die FMC-logo, Cyazypyr en Benevia is handelsmerke van FMC Corporation en/of 'n geaffilieerde. © 2017-2023 FMC Corporation. Alle regte voorbehou.